

**NETJIES IN GELID.** Mnr. Niel van Pletzen (regs), ondervoorsitter van die NWKV in die Oos-Kaap, beoordeel wol op die interstreekkompetisie.

ninge en minder mense moet skoolgeld leen (sien die KASSIE langsaan).

Volgens De Beer kan die inkomste wat die kommunale boere verdien, egter verdubbel indien die gehalte van hul wol verbeter word, aangesien hierdie boere nog nie dieselfde prys as die gemiddelde wolboer in Suid-Afrika verdien nie. Slegs 5,4 miljoen kg van die 8 miljoen kg wol wat deur die kommunale sektor geproduseer word, word aan die mark gelewer. Indien die volle hoeveelheid aan die formele mark gelewer word, kan die kommunale inkomste tot R700 miljoen verhoog.

"En dit is slegs die inkomste uit wol. Vleisproduksie kan óók danksy beter weidingsbestuur verbeter word."

## KUDDEKOMPETISIE

Kommunale boere van die vyf produksiestreke in die Oos-Kaap kom jaarliks bymekaar om hul beste diere te vertoon – eerstens op streekkompetisies en dan op die interstreekkompetisie waar die topvyfdiere in verskillende klasse (onder meer ooilam, tweetand, vier- tot sestandooi en ram) gekies word. 'n Boer wat 'n plek in die topvyf van elke kategorie kry, word uiteindelik as die algehele wenner aangewys. Die interstreekkompetisie is vanjaar ná drie jaar weer op Tarkastad aangebied.

"Dit is uiteindelik ook 'n inligtingsdag. Wanneer van die boere se ramme nie gekies word nie, kan ons verduidelik dit is 'n kruisram of nie 'n ram van goeie gehalte

## VORDERING IN MEER AS GELDWAARDE GEMEET

In haar meestergraadnavorsing aan die Nelson Mandela-universiteit, wat in 2018 voltooi en op die genetiese verbeteringsprojek gerig was, het me. Ria Dreyer onder meer bevind dat daar beduidende prysverskille is tussen die vyf produksiestreke in die Oos-Kaap, hoofsaaklik toe te skryf aan die genetiese gehalte van die skape.

Wol van 'n swak gehalte is aansienlik moeiliker om te klas, en dit kan nie in 'n beter styl geklas word nie.

Boere met beter diere sal kostedoeltreffender boer aangesien swak skape net soveel of meer as 'n goeie skaap vreet. 'n Goeie skaap sal dus met minder produksiemiddele meer wol produseer as 'n swak skaap.

Boere kan met minder diere dieselfde inkomste verdien as voorheen en só druk op die omgewing verlig.

'n Maatskaplik-ekonomiese impakstudie deur die NWKV toon dat boere in 2004 'n interne inkomste van 47% uit wol en vleis verdien het, met die waarde wat toegeneem het tot 65% in 2009 en 75% in 2020.

Maatskaplike aanwysers van 2004 tot 2020 toon dat daar tans meer selfone as mense in kommunale huishoudings is en dat alle huishoudings toegang tot elektrisiteit, met TV's en yskaste, in die huis het.

Kinders wat met 'n leë maag gaan slaap, het van 41% in 2004 tot 6% in 2020 gedaal. Huishoudings met spaarrekeninge het van 49% in 2004 tot 94% in 2020 gestyg, en diegene wat geld moet leen vir skoolgeld, het van 77% in 2004 tot 30% in 2020 gedaal.